



Waterbesparingswenke:

Hoe meer jy bespaar, hoe minder betaal jy – en hoe meer water bly in ons damme.

DEEL HIERDIE met ander, en gaan na **www.capetown.gov.za/thinkwater** vir nog inligting en riglyne.

Toilette spoel en sanitasie



Spoel die toilet net as dit noodsaaklik is. Nommer 1 kan wag by die huis, werk, skool, gimnasium, winkels, ens. Moenie dit as 'n vullisdrommetjie gebruik nie.



Plaas 'n vol glasbottel in die toiletbak om elke spoel tot 'n maksimum van 6 liter te beperk (indien jy geen ander keuse het as om munisipale drinkwater te gebruik nie).



Spoel slegs met gryswater (wasgoed-, bad- en stortwater) of met reën-, boorgat- of putwater.



Gebruik minder toiletpapier om die risiko van 'n verstopte riool te verklein en moenie jou toilet as 'n vullisblik gebruik nie.



Draai die toilet se stopkraan (afsluitklep) toe. So sal jy munisipale drinkwater bespaar.



Gebruik bleikmiddel of ontsmettingsmiddel om die toilette en rondom die toilette te ontsmet en gebruik handreiniger om gesondheidsrisiko's te voorkom.

Let wel: Die gebruik van water van alternatiewe bronne hou sekere gesondheids- en higiënerisiko's in wat jy moet vermy. Hou hande en oppervlakke ontsmet. Moenie gryswater langer as 24 uur hou nie. Hou waterhouers op 'n veilige plek want kinders kan daarin verdrink.

Reiniging en persoonlike higiëne



Storte vinnig – draai oop en draai toe. Maak jou nat, draai die kraan toe, was, en spoel dan vinnig af.



Moenie krane te lank en vol oopdraai nie. Gebruik 'n koppie vir skeer, tande borsel, ens.



Geen stort nie? Neem 'n sponsbad. Gebruik so min as moontlik water in 'n wasbak, skottel of waskom.



Gebruik waterlose handreiniger in plaas daarvan om jou hande te was.



Moenie die water laat loop terwyl jy vir warm water wag nie. Gebruik die koue water of verhit jou water op die stoof of in 'n ketel vir 'n sponsbad.



Vang soveel as moontlik wasgoedwater op en gebruik dit om toilette mee te spoel – maak dit 'n prioriteit! Oortollige gryswater kan vir plante of die was van voertuie gebruik word.

Wasgoed en skottelgoed	Waterdoeltrekkende toebehore en aansluitings
Was slegs wat absoluut noodsaaklik is.	Gebruik vloeibepalers in binnenshuise krane om die vloeitempo na minder as 6 l per minuut te verminder, soos volgens die Stad se waterverordening.
Wag tot die wasmasjien of skottelgoedwasser vol is voor jy dit gebruik. Met sommige tipes wasmasjiene kan jy die laaste spoelwater vir die volgende wasgoedsiklus gebruik.	Installeer laedruk-stortkoppe of sit 'n vloeibeperker in die stortkop om die vloeitempo na 'n maksimum van 7 l per minuut te verminder, soos volgens die Stad se waterverordening.
Om wasgoed met die hand te was, gebruik minder water as sommige wasmasjiene, veral die ouer modelle wat geen ekonomiese siklusse het nie. Gaan jou masjien se watergebruik na.	Vind en herstel lekkasies op jou eiendom. Lekkasies is so 'n vermorsing van ons kosbare water.
Gebruik die minimum seep om spoelwater te bespaar. Hergebruik spoelwater vir die volgende was waar moontlik.	Verlaag die waterdruk na jou eiendom deur jou stopkraan laer te draai en/of installeer 'n vloeibeperker op die hoofpypaansluiting vanaf jou meter.
Maak dit 'n prioriteit om wasgoedwater vir die spoel van toilette te gebruik.	
Tuine en buitegebiede	Swembaddens
Gebruik 'n besem en reënwater wat opgevang is om harde oppervlakke buite mee skoon te maak.	Sit 'n swembadbedekking op wat verdamping aansienlik verminder. Herbenut die terugspoelwater.
Strooi 'n deklaag ("mulch") tussen jou plante om verdamping te verminder - gebruik gesnyde gras, blare, stukke boombas of strooi.	Vang reënwater op en herlei dit om jou swembad te hervul deur pype of plastiekbuisse ("plastic sleeves") aan jou geute te koppel.
Verander jou geute en afvoerpype sodat jy reënwater in houe kan opvang.	Geen munisipale drinkwater vir swembaddens, dammetjies of waterfonteine nie.
Nog maniere waarop jy kan bespaar	
Gebruik heelwat minder water waar jy ook al gaan - die munisipale drinkwater wat jy op ander plekke gebruik, kom uit dieselfde damstelsel, so wees verstandig wanneer jy water in en rondom Kaapstad gebruik.	
Gebruik so min as moontlik water vir kosvoorbereiding, d.w.s. moenie kos onder lopende water ontvries of afspoel nie.	
Plaas 'n houer in elke opwasbak, wasbak, bad en stort om alle water vir hergebruik op te vang. Let wel: Vuil, vetterige water van skottelgoed was is nie vir hergebruik geskik nie. Houers in storte moet groot genoeg wees om alle stortwater op te kan vang - 'n emmer is te klein. Water is swaar, so gebruik skepbekers om jou toilet met gryswater te spoel.	
Vang so veel reënwater op as wat jy kan. Stoor dit in verseelde houe in 'n koel plek en moenie dit vir drink-, kook- of baddoeleindes gebruik nie, soos volgens die Stad se waterverordening.	
Wat kort jy vir jou waterspaararsenaal?	
- Waskomme vir gebruik in storte en baddens om soveel as moontlik water op te vang. - Emmers of skepbekers om water uit waskomme in toilette of buite uit te gooi. - Houers om water in alle wasbakke en opwasbakke vir hergebruik op te vang. - Bleikmiddel of ontsmettingsmiddel om die toiletgebied ontsmet te hou.	- Pype of plastiekbuisse vir jou geute om reënwater op te vang vir die hervul van swembaddens of watertens. - Steriliserende vloeistof spesiaal vir voedsel vir die afwas van vrugte en groente. - Eenlaag-toiletpapier om rioolverstopings te voorkom. - Waterlose handreiniger.